

**3 Oktober**

**Skrifgedeelte: Psalm 139:13-24**

**Fokusgedeelte: Psalm 139:13**

**God het my gemaak: ek is veilig by Hom**

Elke babatjie wat gebore word, is 'n verstommende wonderwerk. Dit gebeur nie sommer maar net toevallig nie: 'n ingewikkelde reeks fisiologiese prosesse moet hulle op presies die regte manier, met presies die regte tydsberekening afspeel voordat 'n nuwe fetus kan ontstaan en ontwikkel om uiteindelik as 'n volwaardige mens die lewenslig te sien.

Iets hiervan besef die digter van Psalm 139 wanneer hy sy verhouding met die Here bepeins. Hy verwonder hom oor die almag van die Here: Hy weet alles (vs 1-6) en Hy is orals (vs 7-12). Net soos die Here elke fyn besonderheid van sy ganse skepping ken, ken Hy hom as mens ook deur-en-deur. Hy het nie maar net toevallig eendag ontstaan as mens nie – die Here het hom doelbewus gemaak. Met onbeskryflike liefde en aandag het die Here gesorg dat hy as mens ontstaan het en nou lewe!

Wat 'n oorweldigende troos en sekerheid om te weet: ook vir my het die Here gemaak. Ook my liggaam en siel het Hy in liefde meesterlik aanmekaargeweef. Waar ek ook al is, wat ek ook al oordink en beleef, ek is veilig by Hom. Selfs in my sonde-toestand los Hy my nie: in en deur Jesus Christus red Hy my van alles wat my van Hom kan vervreem!

Met hierdie sekerheid kan ek en jy elke dag leef: my Skepper is almagtig en het my oneindig lief. Hy omsluit my van alle kante. Wat ook al gebeur, ek is veilig by Hom. Die werke van sy hande sal Hy nooit laat vaar nie!

*Sing: Psalm 139:7 (2001)*

*Dr EJ Smit (Vanderbijlpark-Suid)*